STERFKENNIS.

VOLGENS DIE VOORSKRIFTE VERVAT IN DIE BOEDELWET, 1913.

1. Naam van die oorledene PETRUS JOHANNES VAN DYK

2. Geboorteplek en Nasionaliteit van oorledene Middelburg, Tvl. S. Afrikaner

3. Name en Adresse van die Ouers van die oorledene
   Vader oorlede
   Moeder oorlede

4. Ouderdom van oorledene 81 jaar 5 maande.

5. Beroep van die oorledene, of, indien 'n vrou, van haar eggenoot afgetredene

6. Gewone woonplek van die oorledene, of, indien 'n vrou, van haar eggenoot Hytheweg 26, Rossburgh, Natal

7. Gehuud of ongehuud, wewenaar of weduwee getroud in gemeenskap van goed

   (a) Naam van oorblywende eggenoot (indien enige), en of in gemeenskap van goedere gehuud of nie SUSANNA MARIA SOPHIA VAN DYK

   (b) Naam of name en so na moontlik, die dag van oorlyde van vooroorlede eggenoot of eggenote

   (c) Plek van laaste huwelik MIDDELBURGH, Tvl.

8. Sterfdag: Op 30. 12. 1956

9. Sterfplek .. .. ..
   Huis Roosenekal dist Middelburg
   Dorp of Plaas Roosenekal
   Distrik Middelburgh Tvl.

10. Name van kinders van oorledene en of hulle meerderjarig of minderjarig is. Nul

Gee afsonderlik die name op van die kinders wat uit die verskillende huwelike gebore is, en vermeld die geboortedag van elke minderjarige. Name moet volnit geskrywe word. Wanneer daar geen kinders is nie, en een of beide ouers oorlede is, gee dan die name en adresse op van die broers en susters van die oorledene.

11. Het die oorledene losse goedere nagelaat? ja

12. Het die oorledene vaste goedere nagelaat? nee

13. Is die boedel na skatting meer as £300 werd? ja

14. Het die oorledene 'n testament nagelaat? ja No W.

Gedagteken op DURBAN hierdie 4de dag van Januarie 1957.

(Handtekening) X J m J van Dyk X
nagelate eggenote. teenwoordig by sterfgeval.

(Vermeld in watter hoedanigheid en of anders op of by die sterfplek.)

Hierdie sterfkennis moet ingevul en geteken word deur die *naaste bloed- of aanverwant van die Oorledene*, wat hom ten tyde van die oorlyde op of by die sterfplek bevind of, by gebreke van sodanige bloed- of aanverwant, deur die persoon wat ten tyde van, of onmiddellik na die dood die hooftoesig het in die huis of op die plaas, waar die sterfgeval voorgeval het, en moet binne veertien dae na die dood, in dubbel, gestuur word hetsy aan die Meester, of indien die sterfgeval plaasgevind het in 'n distrik waar geen provinsiale regeringsteisel gevestig is nie, aan die magistraat van die distrik.

M.F.C. 1 Afr. (Gekombineer) Hortors J.H.B. 624. R 35. 8.

UITERSTE WIL EN TESTAMENT.

SY DIT HIERMEE AAN ALMAL BEKEND:

DAT ons die ondergetekende, PETRUS JOHANNES VAN DYK, en SUSANNA MARIA SOPHIA VAN DYK gebore STEENKAMP, voorheen JOOSTE, eggenote getroud in gemeenskap van goedere en tans woonagtig te Landsdell Laan 35, Durban, Provinsie Natal, besluit het om ons uiterste Wil en Testament te maak soos ons hiermee doen.

VOORDAT ons tot die verkiesing van Erfgename oorgaan, wens ons eers alle vorige Testamente, Testamentere Geskrifte of Kodisille wat ons vantevore, hetsy gesamentlik of afsonderlik mag gemaak het, te herroep en is dit ons wens dat dieselfde na tekening hiervan as van nul en gener waarde beskou sal word.

NOU TOT die verkiesing van Erfgename oorgaande, benoem en stel ons hiermee aan as ons enigste en universele Erfgename van ons boedel en Nalatenskap die kinders van die Testatrise, en wel in gelyke dele, naamlik:

1. ANDRIES STEFANUS CHRISTOFFEL JOOSTE.
2. MARAGERTHA JOHANNA STOLTZ, gebore JOOSTE, getroud in gemeenskap van goedere met WYNAND STOLTZ, en
3. JAN PHILIPPUS LOURENS MARTHINUS JOOSTE.

DIT IS egter 'n spesiale kondisie van hierdie bemaking dat die Langslewende van ons die volle en vrye Lewenslange Reg van Vruggebruik sal geniet van enige vaste eiendom wat aldus aan ons gemeemde Erfgename sal oorgaan.

VERDER benoem en stel ons hiermee die Langslewende van ons aan as Eksekuteur of Eksekutrise van ons Testament en Beredderaar of Beredderaarster van ons boedel en ons ken aan ons Eksekuteur of Eksekutrise toe al die magte verleen deur die Wet aan die betrekking en vernaamlik die van Assumpsie.

/ONS.....

AS GETUIE.

1. "B. GERICKE".
2. ???

"P.J. VAN DYK"

"S.M.S. VAN DYK".

EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIE REKENING IN DIE BOEDEL VAN WYLE PETRUS JOHANNES VAN DYK EN NAGELATE BOEDELE SUSANNA MARIA SOPHIA VAN DYK, (gebore Steenkamp) AFGETREDENE VAN CAMPERDOWNWEG 68, DURBAN. — NO. 93/1957

Original 1684

B A T E S.

ROERENDE EIENDOM:

Persoonlike Effekte £10. 0. 0. ✓

EISE TEN GUNSTE VAN BOEDEL:

Bedrag betaalbaar deur Land en Landboubank van Suid Afrika namens J.J. Brits, synde die koopprys van sekere onroerende eiendom wat verkoop is deur die gemelde oorledene aan ~~die geseegde~~ J.J. Brits gedurende eersgenoemde se lewe soos per aanhangsel "A". 400. 0. 0. ✓

Pensioen betaalbaar deur Kommisaris van Pensioene, Pretoria, soos per aanhangsel "B". 14. 0. 7. ✓

L A S T E.

ADMINISTRASIEKOSTE:

Nataller-koerant kennisgewing aan Krediteure	17. 6. ✓	
Staatskoerant - do -	10. 0. ✓	
Natallerkoerant kennisgewing Rekening	17. 6. ✓	
Staatskoerant - do -	10. 0. ✓	
Fooi verkryging Briewe Aanstelling	2. 2. 0. ✓	

MEESTERSGELDE:

Boedel fooi	2. 0. 0. ✓	
Taksasie fooi	11. 0. ✓	
Inbindingsfooi	10. 0. ✓	

EKSEKUTEURSGELDE:

Nominale fooi	10.10. 0. ✓	
Aan Balans vir distribusie	405.12. 7. ✓	
	£ 424. 0. 7.	£424. 0. 7.

DISTRIBUSIE REKENING.

Per Balans vir Distribusie £405. 12. 7.

Aan SUSANNA MARIA SOPHIA VAN DYK (gebore Steenkamp)

/oorblywende

S M S van Dyk

Clearance Certificate filed.

Oorgedra £405. 12. 7.

oorblywende eggenote van gemelde oorledene met wie sy in gemeenskap van goedere getroud was, ½ aandeel ingevolge sodanige huwelik in gemeenskap van goedere £202.16.4. 1

Aan ANDRIES STEFANUS CHRISTOFFEL JOOSTE seun van gesegde SUSANNA MARIA SOPHIA VAN DYK 1/6 aandeel ingevolge die Laaste Wil en Testament van die gesegde oorledene gedateer 2 September 1949 67.12.1. 1

Aan MARAGERTHA JOHANNA STOLTZ (gebore Jooste) getroud in gemeenskap van goedere met WYNAND STOLTZ, dogter van die gesegde SUSANNA MARIA SOPHIA VAN DYK, 1/6 aandeel ingevolge die Laaste Wil en Testament van die gesegde oorledene gedateer 2 September 1949 67.12.1. 1

Aan JAN PHILIPPUS LOURENS MARTHINUS JOOSTE, seun van gesegde SUSANNA MARIA SOPHIA VAN DYK 1/6 aandeel ingevolge die Laaste Wil en Testament van die gesegde oorledene gedateer 2 September 1949 67.12.1. 1

£ 405.12.7. £405. 12. 7.

S E R T I F I K A A T.

Ek, die ondergetekende SUSANNA MARIA SOPHIA VAN DYK (gebore Steenkamp), oorblywende eggenote, Eksekutrise Testamentêr in bogemelde Boedel, sertifiseer hiermee dat voorafgaande 'n ware en korrekte staat is van my administrasie van die Boedel en dat na die beste van my wete en geloof daar geen verdere bates in die Boedel is nie.

GEDATEER te 12 Junie op hede die 6 dag van 1957 1957.

SMS van Dyk

S M S van Dyk

EKSEKUTRISE TESTAMENTER
BOEDEL WYLE P.J. VAN DYK.